# AFRIKA, DIE ONBEKENDE.

## Konstitusionele Ontwikkelinge in Basoetoland

### I. LIGGING VAN BASOETOELAND

Basoetoland is tussen breedtegrade 28° 35' en 30° 40' S. en lengtegrade 27° en 29° 30' O. geleë. Die gebied is geheel en al omring deur die Unie van Suid-Afrika: aan die weste- en noordekant word dit begrens deur die Oranje-Vrystaat, aan die suidekant deur die Kaapprovinsie en aan die oostekant deur Natal en Griekwaland-Oos.

Die gebied Basoetoland is 'n boomlose bergagtige streek wat geografies in twee dele of streke verdeel kan word wat min of meer van suidwes na noordoos loop. Volgens hierdie verdeling beslaan die oostelike streek ongeveer tweederdes van die totale oppervlakte

terwyl die westelike streek as voortsetting van die Vrystaatse plato minder bergagtig is met 'n gemiddelde hoogte van 5,000 vt. Die totale oppervlakte van die gebied is 11,716 vierkante myl en ongeveer net so groot as België.

## II. GESKIEDENIS

Oor die vroegste geskiedenis van Basoetoland bestaan daar nie veel gegewens nie, maar dit word algemeen aangeneem dat die Basoeto's waarskynlik saamgestel is uit die oorblyfsels van verskillende stamme wat verbrokkel het as gevolg van langdurige oorloë tussen die Zoeloes en Matabelies. Die verskillende groepe of stamme het in voortdurende vrees vir die veglustige Zoeloes geleef, en vanaf 1815 tot 1830 is pogings aangewend om te verenig. Gedurende 1818 het Mosjesj, 'n ondergeskikte hoof van die Baboenastam van Noord-Basoetoland, daarin geslaag om die verskillende stamme te verenig. As gevolg van die Groot Trek gedurende die dertigerjare van die negentiende eeu het die Basoeto's in aanraking met die blanke trekboere gekom. Hierdie aanraking was nie altyd vriendskaplik van aard nie, en menige strooptog en teen-strooptog het plaasgevind. 'n Ernstige grensvraagstuk het ontstaan en 1852 het die destydse Kaapse Goewerneur, sir George Cathcart 'n poging aangewend om die orde op die Kaapse Noordelike grens te herstel deur met 'n troepemag na Thaba Bosigo, Mosjesj se bergvesting op te ruk. Cathcart eis 'n boete as vergoeding van die Basoeto's vir al die vee wat geroof is en toe net 'n gedeelte daarvan betaal word, word die Basoeto's by die slag van Berea tot onderwerping gedwing. Mosjesj het op eg diplomatiese wyse om vrede gevra en beloof om beter beheer oor sy onderdane uit te oefen.

Gedurende 1856 het die Bosoeto's weer begin om die Vrystaatse grens te oorskry, en dit het gelei tot vyandelikhede wat tot 1858 voortgeduur het toe dit tydelik beëindig is deur die Verdrag van Aliwal.

In 1865 het die vyandelikhede opnuut begin en gedurende dieselfde tyd het Mosjesj die beskerming van die Kaapse Goewerneur, sir Philip Wodehouse gevra. Laasgenoemde was aanvanklik teësinnig maar het uiteindelik toegestem om 'n Britse Kommissaris na Thaba Bosigo te stuur om die geskille op te los.. Dit was egter 'n floue hoop en die vyandelikhede het voortgeduur totdat die Boeremagte die oorhand gekry het en Mosjesj weer eens om vrede gesmeek het. Kragtens die Verdrag van Thaba Bosigo, April 1866, het Mosjesj belowe om afstand te doen van 'n gedeelte van sy grond en die Vrystaatse regering onderdanig te wees.

Dit het egter nie lank geduur voordat die oorlog tussen die Basoeto's en die Vrystaat weer ontvlam het nie, en toe dit gelyk het asof die Boere die oorhand in die gevegte begin kry, vra Mosjesj weer eens om Britse intervensie. Mosjesj se aandrang op beskerming deur die Koningin het nie op dowe ore geval nie en in 1868 ontvang Wodehouse magtiging om die Basoeto's te beskerm en Basoetoland te annekseer. Op die 12de Maart 1868 is Basoetoland formeel by wyse van 'n proklamasie geannekseer as Britse gebied. Die destydse Britse regering was nie baie entoesiasties oor die anneksasie van Basoetoland nie, en

in 1871 is die gebied deur die Kaapse regering ingelyf by Kaapland kragtens Kaapse Wet No. 12 van 1871.

Volgens die Anneksasie Wet van 1871 was die Goewerneur van die Kaap by magte om wetgewing by wyse van proklamasie vir Basoetoland uit te vaardig. Vir administratiewe doeleindes is Basoetoland in 1871 in vier distrikte verdeel met 'n resident magistraat aan die hoof van elke distrik. Daarbenewens is 'n regeringsagent met omvangryke administratiewe magte aangestel.

Vanaf 1877 tot 1880 is verskeie regulasies met betrekking tot die toekomstige administrasie van die gebied uitgevaardig, en daardie regulasies wat bekend gestaan het as die Barkly-Frere regulasies was in geheel onaanvaarbaar vir die Basoeto's. In der waarheid het daardie regulasies dieselfde administratiewe stelsel beoog as wat toegepas was in die Transkei en Griekwaland-Oos, naamlik 'n stelsel van direkte beheer of soos lord Hailey dit stel „the progressive substitution of the jurisdiction of magistrates for that of the chiefs" (Native Administration in the British African Territories, deel V bl. 47).

Interne onluste, swak administrasie en 'n mislukte poging om die Basoeto's te ontwapen het gelei tot 'n versoek van die Kaapse regering aan Engeland om weer eens beheer oor die gebied uit te oefen. Gedurende September 1883 het die Kaapse Parlement die „Basutoland Disannexation Act" uitgevaardig en kragtens 'n „Order-in-Council" van Februarie 1884 het Brittanje die administrasie van Basoetoland hervat.

Tot en met 1959 was bogenoemde „Order-in-Council" van Februarie 1884 die fondamentsteen waarop die hele administrasie van Basoetoland berus het. Daarkragtens is 'n Resident-Kommissaris vir die gebied aangestel, bygestaan deur Assistent-Kommissarisse. Nuwe regulasies is uitgevaardig waarin voorsiening gemaak is vir sake rakende howe, huwelike, belastings, passe en die verkoop van bedwelmende drank.

Waar die ou Barkly Frere-regulasies bepaal het dat „the right of allotting the land for the occupation of the several members of the tribe is vested in the Governor", het die 1884 regulasies hoegenaamd geen verwysing na grondtoekenning bevat nie.

Dit is uiters moeilik om die administratiewe stelsel wat Brittanje vanaf 1884 in Basoetoland toegepas het kortliks weer te gee. Hailey noem dit 'n stelsel van indirekte beheer waardeur die Basoetonasie deur middel van tradisionedle hoofde regeer is maar sir Alan Pim skryf in 1935 „there was not in 1884 and there is not now any rule either direct or indirect by the British Government".

Hoe dit ook al sy, die instruksies wat aan die destydse Resident-Kommissaris uitgereik is, was baie duidelik: „Her Majesty's Government were of opinion that nothing more could be attempted at first than the protection of life and property and the maintenance of order on the border; **but the Basuto were to be encouraged to establish internal self-government sufficient to suppress crime and settle any tribal disputes**". (Onderstreping deur myself).

## III. ADMINISTRATIEWE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELINGE

Vanaf 1884 was dit gebruiklik vir

Resident-Kommissarisse om eers die verskillende kapteins en stamvergaderings (pitso's) te raadpleeg voordat enige belangrike beslissings geneem is. Hierdie gebruik het nie net die administratiewe vaardigheid of wysheid van die destydse en latere Britse amptenare bewys nie, maar dit was ook die begeerte van die Basoeto's dat hulle geraadpleeg moes word. In hierdie verband het Mosjesj alreeds in 1862 verklaar dat die Koningin van Engeland sy mense net deur hom kan regeer en wel deur middel van 'n agent wat haar oë en ore moet wees en „..... when the agent and I agree as to what is right I shall carry it out" (Report on Constitutional Reform and Chieftainship Affairs, 1958).

Alhoewel hierdie woorde in 1862 gebruik is, het sir Alan Pim in 1935 gevind dat dit nog die algemene gevoel in Basoetoland beliggaam het.

Mosjesj het geen formeel saamgestelde stamraad gehad nie maar hy het self verklaar dat hy geen besluit kan neem voordat hy sy seuns en die ondergeskikte kapteins geraadpleeg het nie. Wanneer belangrike besluite geneem moes word, is stamvergaderings of pitso's belê en dit was gebruiklik vir Mosjesj om by sulke geleenthede te verklaar dat hy sy mag om te regeer van sy onderdane verkry het. Daarom dan ook die Basoeto-slagspreuk „morena ke morena ka batho" ('n kaptein is 'n kaptein deur die mense).

Op hierdie demokratiese fondamentsteen in die Basoeto-stamstruktuur het die Britse administrasie voortgebou. Vanaf 1868 tot 1874 is stamvergaderings of pitso's byeengeroep, hoofsaaklik net wanneer belangrike sake bespreek moes word. Gedurende die periode 1879 — 1886 het die gebruik feitlik uitgesterf maar die saak is weer ernstig opgeneem deur sir Marshall Clark, die Resident-Kommissaris wat in 'n brief aan die opperhoof Letsie I aangedring het op die instelling van 'n goed georganiseerde Basoetoraad. Hierdie pogings van Clark kan gesien word as die begin van die Basoetolandse Nasionale Raad. Eers na drie jaar het die opperhoof op sir Marshall Clark se brief geantwoord en sy bereidwilligheid vir die instelling van so 'n raad te kenne gegee. Gedurende 1890 het die Hoë-Kommissaris, sir Henry Loch konsepregulasies vir die daarstelling van 'n Basoeto-raad goedgekeur en dit voorgelê aan die Britse regering se Sekretaris vir Staat en Kolonies.

As gevolg van teenkanting van die kant van sommige Basoeto-kapteins is die eerste Basoetolandse Nasionale Raad eers in 1903 in die lewe geroep. Die Raad moes uit nie meer as 100 lede bestaan waarvan 5 deur die Resident-Kommissaris benoem moes word en die res deur die opperhoof uit die geledere van die verskillende kapteins. Die name van hierdie lede (95) moes deur die opperhoof aan die Resident-Kommissaris voorgeleê word, sodat hy hom kon vergewis dat alle seksies van die bevolking goed verteenwoordig was. Die ampstermyn van lede van die raad was 1 jaar en die Resident-Kommissaris moes presideer. Hierdie raad was bloot adviserend met geen wetgewende bevoegdhede nie. Alle voorgenome wetgewing wat op Basoetoland betrekking sou hê, moes voor die raad gelê word

en die raad was verder by magte om voorstelle met betrekking tot wetswysigings deur middel van die Resident-Kommissaris aan die Hoë-Kommissaris voor te lê. Die regulasie het ook bepaal dat die Resident-Kommissaris in samewerking met die opperhoof 'n naturelle-appêlhof kan saamstel uit lede van die raad, maar so 'n hof sou alleenlik jurisdiksie hê oor suiwer naturellesake.

Die eerste sitting van die raad het in 1903 plaasgevind, die tweede in 1905 en die derde in 1908. Gedurende die sitting van 1908 het die Resident-Kommissaris voorgestel dat die raad jaarliks moet vergader. Die vierde sitting van die raad (1909) is deur die Hoë-Kommissaris, lord Selborne geopen en tydens daardie sitting is die kwessie van moontlike oordrag van die gebied aan die regering van die Unie van Suid-Afrika bespreek. Veral art. 16 van die Bylae van die konsep Zuid-Afrika Wet het bygedra tot die formele instelling van die Basoetolandse Raad, want daar is gevoel dat die verwysing na die pitso's baie vaag is en om die voortbestaan daarvan te verseker, is Proklamasie 7 van 1910 uitgevaardig.

Die posisie van blankes in die gebied verdien ook verdere uiteensetting. Vanaf 1903 was die algemene gevoel dat die raad net uit lede van die Basoetonasie moet bestaan, maar as gevolg van vertoë deur die blanke handelaars het Proklamasie 7 van 1910 aan die Resident-Kommissaris die bevoegdheid gegee om by die benoeming van die 5 amptelike lede ook blankes in aanmerking te neem. Geen Resident-Kommissaris het egter van hierdie magte gebruik gemaak nie en by alle voorgenome wette wat die handel raak, is die Basoetolandse Kamer van Koophandel geraadpleeg.

Die periode 1910-1938 word gekenmerk deur veranderinge in die Basoeto-samelewing. Op al die veranderinge kan nie in besonderhede ingegaan word nie, maar twee aspekte daarvan verdien nadere toeligting: die verswakking van die posisie van die kapteins en die opkoms van 'n politiekbewuste middelklas wat hulleself beywer het vir die ontwikkeling van Basoetoland tot 'n selfregerende gebied. Wat eersgenoemde betref, lê Hailey klem op die feit dat die kapteins kontak met hulle onderdane verloor het, maar feit is dat hulle nie meer soos vroeër hulle magte van die onderdane verkry het nie maar wel van die regering — „upwards towards Government for authority and support rather than, as before, to the people" (Report on Constitutional Reform, 1958).

Gepaard hiermee gaan die verskynsel van toenemende arbeidsmigrasie wat gelei het tot die verval van plaaslike administrasie. Van verskeie kante is aangedring op hervorming, en dit is veral die Basoetolandse „Progressive Association" wat hierin 'n belangrike rol gespeel het.

Gedurende die tydperk 1938-1955 het verskeie belangrike veranderinge plaasgevind soos o.a. die uitvaardiging van die Basutoland Native Courts Proclamation, No. 62 van 1938 en die Native Administration Proclamation, No. 61 van 1938. Ingevolge laasgenoemde proklamasie is Naturelle-owerhede vir Basoetoland ingestel. Hierdie owerhede was gebaseer op die Indirekte Beheerstelsel soos toegepas in Nigerië en

Tanganjika. Waar dit in laasgenoemde twee gebiede suksesvol (vir die tyd altans) toegepas was, kan nie dieselfde van Basoetoland gesê word nie. Dit wil voorkom asof die destyds heersende toestande in Basoetoland (veral die Basoetolandse Raad as instelling) nie in aanmerking geneem is toe die stelsel ingevoer is. Teen hierdie stelsel wat vir die Basoeto as 'n terugplaas van die horlosie voorgekom het, is dan ook veel kritiek uitgespreek. 'n Baie belangrike ontwikkeling het in 1946 gevolg met die instelling van die Basoetolandse Nasionale Tesourie ingevolge Proklamasie 11 van 1946. Alreeds in 1942 het die Resident-Kommissaris, sir Charles Arden-Clark verklaar dat die 1938-hervorminge onvolledig was omdat daar net administratiewe en regterlike funksies aan die Basoeto opgedra is — „The best form of education in the art and practice of government is the exercise of financial responsibility". Hierdie Basoetolandse Nasionale Tesourie staan onder die beheer van die Opperhoof bygestaan deur 'n Finansiekomitee wat saamgestel word uit lede van die Basoetolandse Raad. Die inkomste van die Tesourie bestaan hoofsaaklik uit:

a. 'n gedeelte van die naturellebelasting, wat die Tesourie ten behoewe van die regering insamel;
b. boetes wat deur die Basoetohowe opgelê word en voorheen deur die kapteins behou is;
c. die opbrengs van die verkoping van onopgeëiste verdwaalde vee, wat voorheen die senior kapteins toegekom het; en
d. sekere lisensiegelde wat deur handelaars betaal word.

Die vernaamste uitgawes van die tesourie is:

a. die betaling van toelaes aan kapteins in plaas van die boetegelde wat hulle voorheen gekry het;
b. die salarisse van amptenare van die Basoetohowe;
c. die salarisse van tesourie-amptenare;
d. die gedeeltelike bestryding van die koste verbonde aan die instandhouding van die Basoetolandse en Distriksrade; en
e. die koste verbonde aan die oprigting en instandhouding van paaie.

Vir die doelmatiger administrasie is Distriksrade gedurende 1943 in die lewe geroep. Vir elk van die 9 distrikte is 'n Distriksraad onder voorsitterskap van die Distrikskommissaris in die lewe geroep. Hierdie rade word saamgestel uit al die senior kapteins en lede van die Basoetolandse Raad in die besondere distrik plus 'n aantal verkose lede. Die instelling van Distriksrade en die vertoë van die kant van die Progressive Association het 'n wysiging in die samestelling van die Basoetolandse Raad noodsaaklik gemaak. Kragtens 'n proklamasie van 1950 is die Basoetolandse Raad soos volg saamgestel:

a. Die Resident-Kommissaris as president;
b. die Opperhoof;
c. 5 amptelike lede benoem deur die Resident-Kommissaris;
d. 94 lede genomineer deur die Opperhoof:
    i. 36 indirek verkose lede (4 uit elke distriksraad);
    ii. 6 lede gekies deur die verskillende organisasies (Landbou-unie,

Progressive Association, Teachers' Association ens.).

Uit bogenoemde samestelling van die Raad kan gemerk word dat die verkose element toegeneem het veral as dit vergelyk word met die oorspronklike samestelling van 1903. Hierdie nuwe raad was meer verteenwoordigend en soos Hailey tereg opmerk „(it) would normally be regarded as indicating an intension to give the Council legislative powers" (Report on Constitutional Reform). Met betrekking tot sy magte het die Raad ook 'n verandering ondergaan — waar dit aanvanklik net suiwer huishoudelike sake kon bespreek, het 'n proklamasiewysiging in 1913 meegebring dat dit ook sake kan bespreek wat buite die gebied ontstaan het net solank dit Basoetoland raak. Vanaf 1943 is in toenemende mate deur die Basoetolandse Raad self aangedring op meer wetgewende in plaas van adviserende magte.

Die kulminasie van alle vroeëre pogings tot konstitusionele hervorminge het gedurende September 1955 gevolg toe die Basoetolandse Raad 'n besluit aangeneem het waarin pertinent gevra is om 'n hersiening van die gebied se grondwetlike posisie. Op grond hiervan het die Britse Sekretaris van Staat gedurende Mei 1956 die Basoetolandse Raad uitgenooi om voorstelle in verband met moontlike hervorminge aan hom voor te lê. Die saak is deur die Basoetolandse Raad vir oorweging en moontlike voorstelle na die Distrksrade verwys, en op die 15de Oktober 1956 is die sg. Constitutional Reform Committee onder voorsitterskap van kaptein George Bereng in die lewe geroep. Onafhanklik van hierdie komitee is die sg. Chieftainship Committee onder leiding van kaptein Mopeli Jonathan gedurende November van dieselfde jaar in die lewe geroep om die posisie van die Opperhoof en kapteins in hersiening te neem. Tot Februarie 1957 het die twee komitees afsonderlik gewerk en getuienis ingewin. Nadat die hulp van prof. D. V. Cowen van Kaapstad gedurende Maart 1957 ingeroep is, het die twee komitees gesamentlik gewerk en 'n verslag oor die konstitusionele posisie van Basoetoland uitgebring.

In die verslag is o.m. aanbeveel dat:

a. 'n wetgewende raad vir Basoetoland in die lewe geroep moet word;
b. 'n uitvoerende raad ingestel moet word waarin die Basoeto self 'n rol moet speel;
c. plaaslike bestuur gereorganiseer moet word; en
d. die posisie van die Opperhoof en kapteins in hersiening geneem moet word sodat dit beter kan aanpas by die veranderde Basoeto-samelewing.

Op grond van bogenoemde aanbevelings is 'n afvaardiging aangewys om die verslag aan die Sekretaris van Staat voor te lê en die nodige samesprekings te voer.

Tydens die samesprekings wat plaasgevind het in Engeland van 18 November tot 17 Desember 1958 is volle eenstemmigheid bereik oor die voorstelle vir 'n nuwe grondwet vir Basoetoland. Hierdie voorstelle soos beliggaam in 'n aide-mémoire het in 'n geringe mate verskil van die aanbevelings van die Basoetolandse Raad.

## IV. HUIDIGE KONSTITUSIONELE POSISIE VAN BASOETOLAND

**'n Wetgewende Raad** sal vir Basoeto-

land ingestel word en dit sal bekend staan as die Basoetolandse Nasionale Raad. Die raad sal bevoeg wees om wetgewing uit te vaardig vir alle persone in die gebied en ten opsigte van alle sake **behalwe** die volgende wat vir die Hoë-Kommissaris gereserveer word:

a. buitelandse sake en verdediging;
b. binnelandse veiligheid;
c. munt, openbare lenings, doeane en aksyns;
d. kopieregte, patente en handelsmerke;
e. poswese, telegraafdienste, uitsaaiwese en televisie;
f. indiensneming, aanstelling, werkstoestande, bevordering en dissipline van staatsamptenare.

Met betrekking tot al bogenoemde sake wat vir die Hoë-Kommissaris gereserveer word, behou die Basoetolandse Nasionale Raad egter adviserende bevoegdhede in soverre dit wetgewing betref. Voorgestelde wetgewing oor bogenoemde sake moet egter aan lede van die Raad voorgelê word ten minste 10 dae voor die bespreking daarvan.

Daar is ook sekere sake soos byvoorbeeld die instelling van howe en hulle jurisdiksie waaroor sowel die Hoë-Kommissaris as die Basoetolandse Nasionale Raad wetgewende bevoegdhede het.

Voordat enige wetsontwerp van Basoetoland wet word, het dit die goedkeuring van die Britse kroon nodig. Verder sal voorsiening gemaak word deur middel van 'n „Order-in-Council" vir die goedkeuring van wetsontwerpe deur die opperhoof alvorens dit deurgestuur word na die Hoë-Kommissaris vir sy goedkeuring. Die Hoë-Kommissaris het ook die reg om wetsontwerpe van die Basoetolandse Nasionale Raad terug te verwys met opgaaf van redes.

Wetsontwerpe kan ook verder deur die Hoë-Kommissaris gereserveer word vir koninklike goedkeuring indien dit

a. die grondwet aantas;
b. betrekking het op die regte en immuniteite van die Basoetolandse Nasionale Raad of sy lede;
c. diskriminerend is vir enige besondere seksie van die bevolking; en
d. betrekking het op die binnekoms en verblyf in Basoetoland.

## V. SAMESTELLING VAN DIE WETGEWENDE RAAD

Die Basoetolandse Nasionale Raad sal uit 80 lede bestaan, waarvan 40 verkose lede sal wees. Die nie-verkose element van die raad sal soos volg saamgestel word:

a. 4 amptelike lede: 3 lede van die Uitvoerende Raad en die Kommissaris vir Plaaslike Bestuur;
c. 22 senior en wykskapteins ex officio;
c. 14 persone deur die opperhoof genomineer.

Die verkose element bestaan uit verkose lede van die distriksrade.

In beginsel is dit goedgekeur dat 'n Mosuto voorsitter van die raad moet wees, maar vir die eerste jaar moet die Resident-Kommissaris daardie taak vervul. Vir die tweede jaar sal óf die Resident-Kommissaris óf 'n Mosuto óf 'n buitestaander as voorsitter aangestel word en vanaf die einde van die tweede jaar sal die Raad self 'n Mosuto kies.

## VI. STEMREG.

Die Konferensie het besluit op 'n stemregkwalifikasie wat op geen wyse diskrimineer op grond van ras of kleur

nie. Bo en behalwe die belastingsvereiste moet 'n persoon bo 21 jaar oud wees en ten minste 6 maande binne 'n besondere kiesafdeling gewoon het alvorens hy stemgeregtig kan wees.

## VII. DIE UITVOERENDE RAAD

'n Uitvoerende Raad sal in die lewe geroep word bestaande uit 4 senior amptenare (insluitende die Resident-Kommissaris) en 4 nie-amptelike lede van die Basoetolandse Nasionale Raad. Die Resident-Kommissaris is die voorsitter van die Uitvoerende Raad en hy het in alle besprekings 'n beslissende stem. Interessant is die feit dat die Uitvoerende Raad adviserend sal wees vir sowel die Hoë-Kommissaris as die Opperhoof.

## GRONDTOEKENNING IN BASOETOLAND

In 'n verklaring van die Sekretaris vir Staat voor die Britse Hoërhuis (18 Desember 1958) het Lord Home die kwessie van grondbesit in Basoetoland aangeraak en dit baie duidelik gestel dat Basoetoland nie kroongrond is nie: „. . . . . it is our understanding that the land of Basutoland is legally vested in the Paramount Chief in trust for the Basuto Nation, and that Basutoland is not open to colonisation by non-Basuto" (Cmnd. 637). Dit is ook nie die voorneme van die Britse regering om in hierdie toestand enige verandering te bring nie, en al besit 'n nie-Basoeto die stemreg kan hy nogtans nie aanspraak maak op grondbesit nie.

Ten slotte kan gemeld word dat hierdie konstitusionele veranderinge plaasgevind het ongeveer dieselfde tyd toe die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959 in die Unie van Suid-Afrika uitgevaardig is. Dit is uiters moeilik om 'n vergelyking te tref tussen die Basoetolandse situasie en dié wat deur die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur in die Unie se Bantoegebiede gaan ontstaan.

Waar in Basoetoland net een Raad vir die hele gebied ingestel is, is die posisie in die Unie van Suid-Afrika heeltemal anders. Die Bantoebevolking van die Unie is nie 'n homogene volk nie, maar vorm op die grondslag van taal en kultuur verskillende volkseenhede. Die mate van ontwikkeling van plaaslike owerhede verskil van owerheid tot owerheid en van gebied tot gebied en 'n geleidelike uitbouing van die bekende is sekerlik 'n vereiste.

In die Unie van Suid-Afrika word deur hierdie Wet en ook die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 gepoog om die verskillende Bantoe-volkseenhede te laat ontwikkel tot selfbesturende eenhede. Hierdie ontwikkeling moet egter nie oorhaastig geskied nie, soos ook duidelik uit die aanhef van die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur blyk.

Samevattend kan verklaar word dat die einddoel met die Suid-Afrikaanse Bantoegebiede min of meer dieselfde is as met Basoetoland: selfbesturende Bantoegebiede. Maar, en dit is baie belangrik, die wyse en tempo van verkryging of bereiking van daardie doelwit verskil heelwat en die eindresultaat hang ten nouste hiermee saam. Die vraag mag nou ontstaan: in hoeverre is Suid-Afrika se aandrang op die Britse Hoë-

Kommissarisgebiede nog die moeite werd?

Op 20 Januarie 1960 het die eerste algemene verkiesing vir lede van die distriksrade in Basoetoland plaasgevind. Drie partye, die Congress Party, die Basutoland National Party en die Morema Tlau Party het aan die verkiesing deelgeneem. Uit 'n totale kieserskorps van 191,663 mans en vrouens (blankes, naturelle en Asiate) het slegs 35,302 persone of 18% gestem.

Van bogenoemde 35,302 stemme het die Congress Party 12,787 stemme gekry en is dus verseker van 73 lede in die distriksrade. Die meer gematigde Basutoland National Party het 7,002 stemme en 22 lede in die distriksrade gekry terwyl die Morema Tlau Party net deur 16 lede in die distriksrade verteenwoordig gaan word. Daarbenewens is 51 onafhanklike lede tot die verskillende distriksrade verkies. Die Congress Party sal dus nou 6 van die 9 distriksrade beheer en as in aanmerking geneem word dat die distriksrade as kieskolleges vir die Basoetolandse Nasionale Raad moet dien, kan verwag word dat die party 30 van die 40 verkose lede sal aanwys.

Die leier van die Congress Party is Ntsu C. Mokhehle wat ook lid is van die hoofbestuur van die All-African People's Congress. Hy is bekend as vertroueling en handlanger van Tom Mboya en het laasgenoemde uitgenooi om in die loop van die jaar die party se jaarlikse kongres te kom open. Mokhehle is 'n bekende in feitlik al die Afrika-gebiede en besoek dikwels die verskillende „onafhanklike" gebiede. Gedurende Desember 1959 het hy saam met Eerw. Michael Scott aan betogings deelgeneem teen die Franse atoombomtoetse in die Sahara. Dit is ook bekend dat die All-African People's Congress deur bemiddeling van Mokhehle 'n paar maande gelede £1,000 geskenk het vir die ontwikkeling van Basoetoland.

Basoetoland verkeer in die wurggreep van 'n ekonomiese agteruitgang. Die lewensstandaard wat altyd baie laag was, daal nog steeds. Die algemene armoede wat in die land heers, het daartoe bygedra dat Basoetoland nou vir die eerste keer geldelike hulp van Engeland moes kry. (Contact, 9 Januarie 1960). Uit die Unie Jaarboek blyk dit dat die uitgawes die inkomste ver oorskry. Die boekjaar 1954/55 is afgesluit met 'n bruto surplus van £6,222! Die landbou verkeer ook in 'n uiters swak toestand en groot hoeveelhede landbouprodukte moet jaarliks ingevoer word. Die handel is hoofsaaklik in die hande van blankes en 'n paar Indiërs. Basoetoland beskik ook oor geen nywerhede nie en die nodige verbruikers- en kapitaalgoedere naas groot hoeveelhede landbouprodukte en lewendehawe moet jaarliks ingevoer word. Die gevolg is dat die invoer die uitvoer ver oortref. (In die periode 1953-55 het die invoer met bykans £1 miljoen gestyg terwyl die uitvoer met ongeveer £1 miljoen gedaal het).

Hierdie nadelige balans word egter vergoed deur die uitvoer van arbeid na die myne, nywerhede en plase van die Unie van Suid-Afrika. (Gedurende 1955 is aan 59,085 Basoetolandse naturelle permitte uitgereik om in die Unie te gaan werk).

As nou verder in aanmerking geneem

word dat Basoetoland oor geen myne beskik nie en dat die periode 1953/55 die inkomste met ± £100,000 verminder het terwyl die uitgawes met ± £60,000 gestyg het dan skyn die prentjie nie te rooskleurig nie.

Dit wil onwillekeurig voorkom asof die sosiale- en ekonomiese ontwikkelinge van Basoetoland nie tred hou met die politieke ontwikkelinge nie. Die geweldige voedseltekort en armoede lei daartoe dat die inwoners van Basoetoland al feitlik desperaat is en as die lisiu (graanskure) leeg bly nadat die nuwe grondwet in werking gestel is, wag 'n groot ontnugtering vir menige Mosuto. (Contact, 9 Januarie 1960).

J. J. HENNING.

P.U. vir C.H.O.

**GERAADPLEEGDE WERKE:**

Basutoland Council: **Report on Constitutional Reform and Chieftainship affairs,** Maseru, 1958.

Buell, R. L.: **The Native Problem in Africa,** Vol. I, New York, 1928.

Commonwealth Relations Office: **Basutoland.** Report on Constitutional Discussions held in London in November and December 1958. Cmnd. 637.

Dutton, E. A. T.: **The Basuto of Basutoland,** London, 1923.

Hailey, Lord: **An African Survey.** Revised 1956, O.U.P., 1956.

Royal Institute of International Affairs: **The High Commission Territories and the Union of South Africa,** London, 1956.

Unie van Suid-Afrika: **Offisiële Jaarboek,** No. 29, 1956 — 57.

Union of South Africa: **Negotiations Regarding the Transfer to the Union of South Africa of the Government of Basutoland, the Bechuanaland Protectorate and Swaziland, 1910—1939.**